 AMELIA GENIS agenis@landbou.com

# 'n Wisselweidingstelsel en veldherstel is ononderhandelbaar



Dis nie moontlik om 'n boerdery in die ekstensiewe veegebiede van die Noord-Kaap droogtebestand te maak nie, maar met 'n wisselweidingstelsel wat op wetenskap gebaseer is, kom 'n boer, die diere en die veld net soveel verder. FOTO: AMELIA GENIS

**'n Weldeurdagte, maar aanpasbare wisselweidingstelsel, volgehoue veldrehabilitasie en die vermoë om goeie (vee-)somme te maak, is ononderhandelbaar as jy volhoubaar in die ekstensiewe veeweigebiede wil boer.**

**PLAASINLIGTING**



**LIGGING:** Prieska, Noord-Kaap

**NAAM:** Biega

**EIENAARSKAP:** Familietrust

**VERTAKKINGS:** Dorpers en Afrino's

**VELDTIPE:** Hoofsaaklik bossieveld met kleiner persentasie ranteveld

**GEMIDDELDE REËNVAL:** 228 mm per jaar

**KORTOM**

- 'n Goed beplande wisselweidingstelsel bevorder 'n ekstensiewe veeboerdery se veerkragtigheid.
- Saam met 'n bewustheid van wat dit kos om diere te voer en meedoënlose veldbestuur en -rehabilitasie, kan boere droogtes beter die hoof bied en sal die veld beter herstel.

Daar is nie 'n plan om enige veeboerdery in die ekstensiewe gebiede totaal droogtebestand te maak nie. Daar is wel maniere om te keer dat die droogte jou sommer ná die eerste paar jaar afgooi en sonder planne laat.

Dit begin by 'n goed beplande wisselweidingstelsel wat die diere voed en die veld kans gee om te rus. Die stelsel moet ook buigsaam genoeg wees om vir moeilike tye voorsiening te maak, meen mnr. Piet Roux van die plaas Biega by Prieska.

Ná jare van bogemiddelde reën van 2006 tot 2012 was die reënvalneiging op sy plaas afwaarts (GRAFIEK). Die langtermyngemiddelde reënval, gemeet vanaf 1956, is 228 mm, maar vanaf 2017 was die jaartotale 182 mm, 167 mm en 114 mm (TABEL). Vanjaar het dit tot begin April net 82 mm gereën, maar nog nooit groot hoeveelhede reën nie, net "5 mm hier en 8 mm of 10 mm daar".


Die goeie jare van 2006 tot 2012 was volgens hom die "makwordtyd, toe die moeilikheid gekom het" omdat dit 'n valse indruk van voorspoed gewek het en veroorsaak het dat boere geneig was om meer skape aan te hou.

"Omdat die reën elke jaar gekom het, is drakragnorme al hoe meer oorskry. Toe dit begin droog word, het baie mense nie gou genoeg begin om vee te verminder nie."

Hy het altyd onder die amptelike norm van 5 ha per skaap vir die gebied geboer. In dié stadium is hy op 60% van die norm. 'n Deel van 'n goeie wisselweidingstelsel is juis die regte drakrag in reën- én droogtetye.

Omdat groot dele van die Karoo die littekens van historiese onoordeelkundige veldbestuur en weiding dra, werk Roux ook met 'n plan om kaal kolle in die veld te rehabiliteer deur in die winter met 'n vlerkskaarploeg vore op daardie kolle te trek. Water en saadjies versamel in die vore en skep gunstige groei-

**REËNVAL OP BIEGA-PLAAS, 1956 TOT APRIL 2020**




**REËNVAL OP BIEGA-PLAAS, 2006 TOT 2020 (LANGTERMYNGEMIDDELDE = 228 MM)**

| Jaar | Reënval (mm per jaar) |
|---|---|
| 2006 | 505 |
| 2007 | 236 |
| 2008 | 370 |
| 2009 | 255 |
| 2010 | 316 |
| 2011 | 250 |
| 2012 | 348 |
| 2013 | 190 |
| 2014 | 303 |
| 2015 | 180 |
| 2016 | 262 |
| 2017 | 182 |
| 2018 | 167 |
| 2019 | 114 |
| 2020 (tot 8 April) | 82 |

toestande vir bossies en gras.

Op *Landbouweekblad* en GWK se onlangse droogteherstеldag op Prieska het iemand gevra waar die saad vandaan kom. Roux sê waar goeie wisselweidingspraktyke toegepas word, sal daar altyd natuurlike saad wees om herstel te bespoedig.

Dit kos hom sowat R165 per hektaar om die vore te trek. Dit kan duur klink, maar Roux sê as hy dit nié doen nie, is dit op die lang termyn veel duurder. En, ten spyte van die droogte, behaal hy stadig, maar seker sukses. Ongelukkig is dit 'n proses wat nooit ophou nie.

## VIER KAMPE VIR ELKE TROP

Roux boer met Dorpers en Afrino's omdat albei goed aangepas is by die plaas se toestande. Afrino's is skape wat op die Klerefontein-navorsingsplaas by Carnarvon vir droë gebiede geteel is. Die teelmateriaal van Afrino's is 25% Afrikanerskape, 25% Merino en 50% Vleismerino.

Die Afrikanervrugbaarheid het baie meerlinge tot gevolg wat maklik vergoed vir die minder wol van die Afrinoskaap.

Al is die wol van die Afrino's 'n goeie bron van inkomste, sal hy nooit net met Afrino's kan boer nie. "Hier is haakdoringranteveld waar ek nie met wolskape kan ingaan nie."

Hy volg 'n vierkamp-wisselweidingstelsel met vier kampe van sowat 250 ha tot 300 ha elk vir elke trop skape. Hy probeer om een van die kampe vir 'n jaar te laat rus. Om die kraaleffek te verminder, beweeg hy rond in dieselfde drie kampe in 'n jaar. Die afgelope twee jaar kon hy nie kampe vir 'n jaar lank laat rus nie.

"Eintlik sê hulle jy moet vyf kampe per trop hê om die plantsamestelling te behou."

## SPESIESAMESTELLING OP PLAAS

Roux het goeie raad vir suksesvolle wisselweiding: "Sorg dat jy genoeg kampe het en evalueer dan die spesiesamestelling van plante op jou plaas. Kamp die verskillende veldsoorte, soos bossieveld-, gras-, driedoorn- en haakdoornveld, apart af.

"Onderverdeel elke spesie-spesifieke deel in kleiner kampe. Onthou, die spesiesamestelling gee 'n goeie aanduiding van watter kampe watter tyd van die jaar bewei moet word."

**LBW VRA ...**



### MNR. PIET ROUX

**WAT DIE BESTE BOERDERYBESLUIT WAT JY AL GENEEM HET?**
Om 'n wisselweidingstelsel en 'n vaste lamtyd te hê.

**DIE BESTE RAAD WAT JY OOIT GEKRY HET?**
Moenie getalle en grondgrootte jaag nie, veral nie as jou kontantvloei nie voldoende is nie. Jy hoef nie alles self te weet nie. Doen die basiese dinge reg en baie dinge sal self in plek val. Moet nooit diere terughou wat slaggereed is omdat die prys jou nie pas nie. As die lam reg is, is die prys altyd reg.

**WAT IS DIE GROOTSTE BOERDERYFOUT WAT JY GEMAAK HET?**
Om met wild te wil boer.

**WIE WAS JOU MENTOR?**
Beslis my pa. Ongelukkig is hy vroeg oorlede.

**WAT IS JOU GROOTSTE STRUIKELBLOKKE?**
Probleemdiere en prosopisbestryding. Om die land se politiek te probeer verstaan. Dit maak belegging in die landbou moeilik en laat 'n mens soms verkeerde besluite neem. Skoenmaker, hou jou by jou lees.

**EN DIE GROOTSTE GELEENTHEDE?**
Om weg van die plaas te kon werk voordat ek begin boer het en uit ander boere se foute te kon leer. My betrokkenheid tot onlangs by GWK het vir my nuwe wêrelde oopgemaak, so ook my jare lange verbintenis met die georganiseerde landbou.

**WATTER TEGNOLOGIE IS ONMISBAAR IN JOU BOERDERY?**
Selfoon en internet.



Die resultate van Roux se pa se rehabilitasiepogings. FOTO: PIET ROUX



Die foto wys duidelik waar mnr. Piet Roux opgehou ploeg het (links) nadat die ploeg gebreek het. FOTO: PIET ROUX

Maar hoe weet 'n boer wanneer om vee minder te maak in die droogte? "As jy weet wat in jou veld aangaan, weet jy wanneer om jou vee te verminder. Ek het reënmeters oral wat my leiding gee oor my veldpotensiaal. ▶



LINKS: Dis soos die veld gelyk het voor mnr. Piet Roux begin het om vore te ploeg.
FOTO: PIET ROUX



REGS: Die veld herstel ná goeie neerslae.
FOTO: PIET ROUX

◂ Teen einde April weet jy gewoonlik hoe die seisoen vorentoe gaan lyk."

Met die droogte probeer hy om nog by sy wisselweidingstelsel te hou deur elke keer na die kondisie van die diere te kyk as hy die trop na 'n ander kamp skuif en diere verminder.

"Verlede jaar het ek dit nóg vinniger gedoen. As ek met die skape in 'n nuwe kamp ingaan en ek sien die trop is net te groot vir die veld wat daar is, het ek die trop kleiner gemaak. Ek bek elke dier (selekteer op grond van die hoeveelheid tande) om die ouer diere eerste uit te werk."

Vanjaar het hy vir die eerste keer in sy boerderyloopbaan van 30 jaar grootuierooie wat te skraal is, in 'n voerkraal gesit. Hy besef nou as hy dit nie toe gedoen het nie, sou hulle dalk met lamtyd gevrek het. Gelukkig was dit 'n baie klein persentasie van die kudde en ooie wat verlede jaar verkoop moes word.

"Dit is veral die ooie wat tweelinglammers gehad het, wat swaar kry. Afgesien daarvan dat een lam vrek, het die ooi nie melk nie."

'n Deel van sy bestuurstrategie om vee minder te maak, is om skape vroeër af te rond en te verkoop. "Ek het my strepe in die sand getrek en daarby gehou. Verlede jaar het ek net die helfte van die ooilammers gehou. Die ander in die voerkraal was baie mooi. 'As dit môre kom reën,' het ek vir Sonja (sy vrou) gesê, 'gaan hulle terug veld toe'. Dit het nie gebeur nie en ek het hulle verkoop."

Sy volgende afsnypunt is einde April. As hy nou baie reën kry, sal hy swakker ooie dalk nog 'n kans gee omdat sy veegetalle so laag is. "Eintlik moet jy hulle maar verkoop."

As dit einde April nie gereën het nie, gaan hy alle onproduktiewe diere en ooie wat nie gelam het nie, in die voerkraal sit en verkoop.

Dit is een van die groot voordele van 'n vaste lamtyd.

"Om 'n kernkudde van 500 skape aan die lewe te hou, gaan te duur wees. Jy moet liewer die skape almal verkoop. Eintlik moet jy alle diere van die plaas af hou."

## 'JAAG HOM IN DIE KRAAL, GEE HOM KOS EN VERKOOP HOM'

As die droogte huidige afmetings aanneem, moet die vee eintlik van die veld af wees. "Voer die diere en verkoop hulle. Moenie vee voer en hou nie. As jy hulle verkoop, maak jy darem nog iets.

"Moenie sê jy gaan hom nie voer, hy kan maar vrek nie. Jaag hom in die kraal en gee hom kos."

Hy sê boere laat diere soms te oud word. "Die dier het nie meer tande in sy bek nie, maar die ou wil hom voer."

Sommige boere merk hul skape en ná vyf jaar gooi hulle almal met dieselfde merk uit.

"Omdat ons 'n groot roofdierprobleem het, moet ek die ooie langer probeer hou. Ek bek my skape self. As die bek reg is, hou ek die ooi."

Hoe gou ooie se tande afslyt, hang af van wat hulle vreet. Gannaveld is taamlike hard op 'n skaap se bek en die tande hou dus vier, miskien vyf, jaar.

Een van die argumente teen drastiese vermindering van vee is dat jy te min vee het om jou kudde gou te bou as dit weer gereën het. As dit boonop skielik genoeg reën, sal skape baie duur wees.

Roux meen as jy genoeg veld het, is skape steeds een van die beste beleggings wat jy kan maak. "Sê nou jy betaal R3 000 vir 'n ooi en jy kry elke jaar 'n lam, dan betaal jy hom binne drie jaar af.

"Ek is nie bekommerd oor wat 'n ooi kos nie. Die opbrengs op kapitaal is hoog solank dit goed gaan. Daar gaan skape beskikbaar wees."

## VASTE LAMTYD

Iets wat hy by sy pa geleer het, en waarin hy glo, is dat 'n boer 'n vaste lamtyd moet hê. September en Oktober is gewoonlik 'n droë tyd en ooie wat dan ram vat, is die produktiewer ooie. Hulle lam dan in normale tye in die reëntyd wanneer daar kos is.

### OM TE VOER, IS DUUR

Dit klink drasties om diere te verkoop en die veld skoon te maak, maar Roux vra of mense besef wat dit kos om 'n skaap in stand te hou. "Volgens die norme van die Wes-Kaapse departement van landbou is 1,5 kg ruvoer per dag nodig om 'n ooi net in stand te hou. Oor 365 dae is dit 547 kg ruvoer of 'n koste van R1 642 per ooi. Teen daardie koste het jy die ooi teruggekoop, maar sy het nog nie 'n lam gehad nie. Dáárvoor moet jy 2,3 kg voer per dag teen 'n koste van R2 508 per jaar – en dit is net die ruvoerkoste."

Dit is waarom hy gemaklik is met die besluite wat hy neem en waarom hy meen sy wisselweidingstelsel het hom gered. Hy erken nietemin dat hy nog altyd die wisselweidingstelsel nagevolg het, maar nou begin dit sukkel.

"Dis al van 2015 af wat ons al minder reën kry. Die veld is elke jaar swakker."

Ooie wat in die reëntyd gepaar word, vat makliker ram, maar lam in 'n droë tyd wanneer weiveld in 'n swakker toestand is en moet dan noodgedwonge byvoeding kry.

Roux sê baie boere het nie 'n vaste lamtyd nie. "Die ramme loop die hele jaar by die ooie en die ou ooie vat gewoonlik eerste ram. Dit is juis hierdie diere wat eerste vrek as die droogte nog oor die bult aankom."

'n Vaste lamtyd is ook 'n strategie teen roofdiere. "As daar dwarsdeur die jaar lammers is, is daar altyd kos vir roofdiere."

Hy het ook, toe dit goed gegaan het, 'n tweede lamtyd gehad en al die ooie wat nie ram gevat het nie en die jong ooie saam ram gegee sodat hulle so teen Junie gelam het.

Maar as dit die jaar in April ophou reën en dit nie weer reën voor Januarie nie, kan die veld dit nie hou nie.

Daarom het hy twee jaar gelede die tweede lamtyd beëindig. As toestande beter is, sal hy dit dalk weer doen. **LBW**

**'Die goeie jare van 2006 tot 2012 was die makwordtyd, maar dit is waar die moeilikheid begin het.'**

› NAVRAE: Mnr. Piet Roux, **073 161 4615**.